VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

04 MEI 2020
HERDERSBRIEF #15B

Geliefde gemeente,

Ons onthou, die demonstrasie wat Leon van de Ven, tydens ‘n Sondagmiddag-diens aan ons voorgehou het.

Sedert gister, het die boodskap van die “*pottebakkershuis*” in my gees bly heers. Die doel van die herdersbriewe is, om met die gemeente te deel, dit wat God vir die gemeente sê. Ek wil die boodskap van die pottebakkershuis – onder die leiding van die Heilige Gees – met u deel.

Wat in praktyk, moet in plek wees om die pottebakkershuis funksioneel te maak? Wel, dit spreek vanself: die pottebakker; die klei; die infrastruktuur en toebehore. In ***Jer.18*** het ons ‘n geïllustreerde, profetiese boodskap. Die boodskap bevat die volgende: die waarskuwing; die verloopstruktuur; rigting; die oordeel asook die genade.

***Jer. 18:4*** *“En die voorwerp wat hy besig was om te maak, het misluk—soos dit gaan met klei in die hand van die pottebakker.”* Kom ons wees eerlik en ondersoek onsself – ons, wat week in en week uit gereeld die woord van die Here ontvang, en die leiding van die Heilige Gees ervaar – wanneer ons op ‘n uitnodiging reageer en dan nieteenstaande volhard – sonder om te verander – maar net telkemale volhard, in wat ons dink is reg. Geen verandering in ons gesindheid; geen verandering in ons kommunikasie en geen verandering in ons gewoontes.

Ons vind in die bogenoemde Skrif-gedeelte die volgende:

***Jer. 18:6*** met die geestelike toepassing: *“Kyk, soos klei in die hand van die pottebakker, so is julle in my hand”*

**<u>DIE MOONTLIKHEID VAN MISLUKKING</u>**:

***Jer. 18:7*** *“In een oomblik sal Ek spreek, om dit uit te ruk en om te gooi en te vernietig;”*

**<u>DIE MOONTLIKHEID VAN HERSTEL</u>**:

***Jer. 18:8*** *maar as die persoon of nasie hulself bekeer, sal Ek berou hê.*

***Jer.18:9*** *in ‘n ander oomblik sal Ek bou en plant.*

Ek ervaar dat hierdie tydperk van inperking, ons tot *“stilte”* en self-ondersoek gelei het. Die redenasie mag ontstaan: “Waarvan moet ons ons nog bekeer?”

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Graag wys ek u, op die vernaamste aspekte wat in ***Jer. 18*** uitgewys word:

- ***Jer. 18:10 "deur na My stem nie te luister nie."***

  Wat is in ons lewe teenwoordig, wat uit orde is en ten opsigte waarvan ons nog nie geluister het nie?

- ***Jer. 18:12 "ons sal na ons gedagtes wandel."***

  Is daar balans tussen ons gees en ons verstand? Die fout om alles logies te wil hanteer. Die wil om volgens die nugtere denke van ons verstand, situasies te hanteer. In die Gees, het baie leiers in die Ou- en Nuwe Testament nie volgens hulle gedagtes gewandel nie. Hierdie aspek moet ernstig gehanteer en aangespreek word. Net die Heilige Gees kan ons hiertoe in staat stel.

- ***Jer. 18:15***: Die talle kere wat ons struikel as gevolg van verkeerde ***"weë":***

  - Ten opsigte van die ou paaie;
  - Die sypaaie;
  - Die ongemaakte paaie.

- ***Jer. 18:18***:

  Die woord van die profeet, wat veroorsaak dat ons die volgende houding het. ***"kom laat ons hom slaan met die tong".***

- ***Jer. 18:20: "Om goed met kwaad te vergeld."***

<u>Wanneer 'n pottebakker met klei werk is die volgende noodsaaklik</u>:

- Klei moet vogtig en kniebaar wees;
- Die sak moet toe wees, sodat die vog nie verdamp nie;
- 2% te vogtig is die klei te slap;
- 2% te hard is die klei te droog;
- Verfynde klei is noodsaaklik, nie growwe klei met klonte nie;
- Fyn potskerfies sny jou hande;
- Die klei moet gebrei word dat alle lugborrels ontsnap;


15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

- As daar lugborrels binne die klei is; en jy werk daarmee kan die bakwerk ontplof;
- Net een lugborrel binne; skiet al die ander potte stukkend;
- Klei is herbruikbaar as daar fout is;
- Klei moet hard gegooi word om aan die wiel te heg.  Die klei MOET aan die wiel heg.
- Die klei moet in die middel van die wiel wees anders is dit van balans af;
  Is u in die middel van die wiel of aan die kant?
- Daar moet 'n gladde aanraking wees.
- Wanneer die klei gesentreerd en gebalanseerd is, dan is dit tyd vir die verfyning en afronding;
- Die wand moet dieselfde dikte reg rondom wees.

Liefdegroete,

Ds. J.F.  Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST  0039  SOUTH AFRICA
+27  12  543 0333
+27  12  567 7010
forum@ekdgenesis.com
www  ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335